AMI/IO/311/1/11

# ESPREK HSAW MET MENERE ROUSSIN EN OLLIVIER OP 22 JULIE 1987

. HSAW het begin deur te verduidelik dat die Regering van die RSA ie onder druk sekere stappe neem nie, maar dat aanpassings in die SA uit eie vrye wil geskied. Die RSA Regering is sensitief aarvoor dat daar nie 'n beeld geskep word dat hy onder druk swig ie. HSAW het toe spesifiek verwys na Pres Houphouët-Boigny se tandpunt dat hy die RSA graag wil help, maar dat die RSA dan iets n ruil daarvoor vir hom moet gee.

. Mnr Roussin het van sy kant die probleem van Albertini pgehaal. Hy het namens Eerste Minister Chirac gevra dat Albertini ie vrygelaat word nie. Hy versoek dat die indruk eerder geskep oet word dat Mitterand se optredes die vrylating van Albertini emoeilik het. Die redes wat hy aangevoer het vir sy versoek is :

a. Pres Mitterand kry die eer van Albertini se vrylating en dit is nie bevorderlik vir Chirac se beeld nie.

b. Die indruk word geskep dat die RSA onder druk reageer.

. Mnr Roussin sê dat 'n afgevaardigde van Chirac, (waarskynlik ibeaux) met 'n brief van die Franse Eerste Minister dan later, dit il sê teen ongeveer einde Augustus, na Pres Sebe toe sal gaan om te aan onderhandel oor die vrylating van Albertini. Hy versoek egter at hierdie gesprek en beoogde optrede slegs beperk word tot die uidige kanaal. Chirac is bang dat indien die Franse departement an Buitelandse Sake as kanaal gebruik word, daar lekkasies na itterand toe sal wees tov hierdie saak.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2014-01-28
J.A.L STEINMANN
22503596PE WO1

. Mnr Roussin sê ook dat indien Albertini vrygelaat word, op welke
etode ookal, sal Mitterand geen keuse hê as om Ambassadeur
ldenhuys se geloofsbriewe te aanvaar nie. Soos hulle dit dus
ien, kan Chirac die krediet vir sy vrylating kry terwyl Mitterand
erplig sal wees om die geloofsbriewe te aanvaar.

. Mirage Onderdele. Mnr Roussin het aangedui dat hy en die Hoof
an die Eerste Minister se Militêre Kabinet, genl Norlain,
amesprekings gevoer het oor moontlikhede om Mirage onderdele wat
ans deur derde partye verkry moet word, direk aan die RSA te
erskaf. Blykbaar is die direktief wat geskryf is om die direkte
itvoer van bepaalde onderdele na die RSA te verbied, so geskryf dat
ie Franse Eerste Minister die keuse van interpretasie kan uitoefen
en opsigte van die klassifikasie van onderdele. Indien Chirac dus
ortuig kan word om aan sy Departement van Doeane en Aksyns opdrag
e gee om die direktief op 'n bepaalde manier te interpreteer soos
at dit gedoen was tot en met 1983, kan daar weer direkte uitvoere
an bepaalde onderdele na die RSA plaasvind. HSAW het aangedui dat
aar nie in hierdie stadium 'n behoefte daaraan bestaan nie. Roussin
et HSAW verseker dat indien daar so 'n behoefte sou ontstaan, hulle
ereid sal wees om te probeer help.

. Opmerking. Na oorlegpleging tussen HSAW en HDIO, is mnr Roussin
eer op die oggend van die 24 Julie gaan sien om te praat oor die
lbertini aangeleentheid. Daar is toe die volgende boodskap aan hom
orgedra. Dit is die mening van HSAW en HDIO dat die RSA Regering
ereid sal wees om volle steun te verleen met die tydsberekening en
etode van vrylating van Albertini indien die Franse Regering die
rylating van Wynand du Toit kan bewerkstellig. Mnr Roussin het
ierdie boodskap op Saterdag 25 Julie aan die Franse Eerste Minister
orgedra. Volgens meneer Ollivier wat ook by hierdie gesprek
teenwoordig was, het die Franse Eerste Minister positief gereageer
en oorweeg hy tans om mnr Wibeaux na Dos Santos te stuur om die saak
te gaan bespreek.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2014-01-28
J.A.L STEINMANN
72563596PE WO1